

Maandelikse gemeentebrief September 2017

“Dis heerlike lente, die winter is verby
Weer nodig die velde vir jou en vir my
Hol-la-dri-o-ha, hol-la-dri-o. Hol-la-dri-o-ha, hol-la-dri-o!”

Alles wat vaal en stowwerig was kry ’n nuwe baadjie, die lug ruik anders, die plante lyk anders. Dit is LENTE! ’n Nuwe seisoen, nuwe hoop; die winter is verby en nuwe lewe is sigbaar in elke bloeisel en blom.

In die gemeente is daar somer ook nuwe lewe! Die “ou dame” is so ’n rukkie gelede op die proef gestel toe gemeentedelede vraelyste kon voltooi om te sê hoe dit met haar gaan. En die dame slaag toe die toets met vlieënde vaandels: 94% van ons lidmate is super gelukkig. Ons het ook saam basaar en koorfees gehou: daverende suksesstories! Nee wat, hierdie dame het nog baie dans in haar stap en lag in haar lewe.

Dankie vir elkeen se bydrae! In Februarie het ek lidmate in die gemeentebrief uitgenooi om hul plek te vind en betrokke te raak. Dit lyk tog of julle die uitnodiging aanvaar het. Geloof is ’n spansport en hier in Weltevreden kry ons dit reg!

Die jaar stoom vinnig einde se kant toe; van hier af is dit afdraande Kersfees toe. Tog is daar nog baie geleenthede om lekker te kom saamkuier en Christenwees te vier. In September is daar die Lente-Loffees en Oupa-en-Ouma-Sondag wat jy nie moet mis nie.

Dalk is dit tyd om ook in jou eie lewe deur te breek na ’n nuwe seisoen. Ons dien ’n God van seisoene. Ons sien dit in die skepping: God het die vier seisoene geskep, gebaseer op die rotasie van die aarde op sy as terwyl dit wentel om die son. Die seisoene verander soos wat die aarde beweeg, maar die son in ons sonnestelsel bly konstant en alles draai daar om.

Op baie maniere sien ons die handtekening van dieselfde Kunstenaar in ons lewens. Net soos die aarde om die son draai, moet ons wentelbaan om die Seun, Jesus Christus beweeg. Ons lewens verander en ons beweeg deur baie seisoene, maar die Seun bly gister, vandag en môre konstant. Ons beweeg deur seisoene waarvan ons nie hou nie; ons verstaan nie altyd hoekom nie. Tog leer ons elke seisoen iets nuuts. Sommige seisoene word ons gesnoei sodat ons in die lente nuut kan groei. God is nooit klaar met jou nie. Nooit nie.

Die prediker sê in Prediker 3:1 dat elke ding in hierdie wêreld ’n vaste tyd het. Daar is ’n tyd vir oorlog, om plante uit te trek en om te sterf, maar daar is ook ’n tyd vir plant, vir groei, vir geboorte en nuwe lewe.

Ek bid saam met jou vir lente in jou lewe. Dat die nuwe seisoen vir jou nuwe lewe en nuwe geleenthede sal bring. Dat jy sal draai na die Seun en sal ervaar dat Hy gekom het sodat jy kan lewe... en dit in oorvloed.

Geseënde lente! Genade en vrede vir jou.
Hettie Wessels